Nuusbrief 08 / 25 April 2024

MIDSTREAM RIDGE EXCELLENTIA 10

# RAKKER

Respek Respect · Authentic Oorspronklik · Kreatief Creative · Kommunikasie Communication · Entoesiasme Enthusiastic · Responsibility Verantwoordelikheid

"Sukses is verborge in jou daaglikse roetine"

## Uit die Hoof se Kantoor

Beste Ouers

Sonder twyfel is ons blitsvinnig uit die wegspringblokke in die langafstandresies van die tweede kwartaal. Ons glo en vertrou almal hou nog by en skep so nou en dan asem vir oorlewing. In die middel van 'n kwartaal kan die lewe soms eentonig voorkom. Wees verseker dat elke dag en elke aksie, 'n meter in die wedloop is om uiteindelik by die wenstreep te kom. Moenie die klein dingetjies in die lewe ignoreer of vanselfsprekend aanvaar nie. Wonderwerke lê dikwels daarin opgesluit.

### HUISREËLS

Neem asseblief kennis dat die skool van 1 tot 3 Mei gesluit is. Daar is 'n vol program vir 30 April geskeduleer, onder andere Cultivaria, wat wel voortgaan. Indien moontlik, moet asseblief nie Dinsdag as deel van 'n langnaweek reël om leerders vroeër uit die skool te haal nie.

Ons herinner u dat Woensdag 29 Mei, Verkiesingsdag is. Die Gr 4 en 5-Versfees, skuif na Donderdag 30 Mei.

Net 'n verduideliking rakende skoolure: Die eerste periode van die dag begin stipelik om 07:45, maar die amptelike skoolure is van 07:30. Hek 1 word dus om 07:30 gesluit.

## INLIGTING

**OPDATERING VAN MEDIESE REKORDS**

In Nuusbrief 07/2024 het ons 'n versoek aan ouers gerig om asseblief leerders se mediese rekords op ons stelsel op te dateer. Vind asseblief die onderstaande skakels vir handleidings om dit op beide die *EDANA-toep*, asook die *Ouerportaal* te doen:

**MEDIES ~ OUERPORTAAL**

**MEDIES ~ EDANA**

**April & Mei 2024**

**KSM-Familiefees**

**MMC Kospakkies**

**UNIFORMWINKEL**

Neem asseblief kennis van die nuwe kontaknommers vir die klerewinkel:

064 937 0551 Whatsapp en oproepe

065 073 8027 Slegs oproepe

# BIBLIOTEEK




**MONITORE**

Baie geluk aan dié Graad 6-leerders, wat as Biblioteek-monitore vir 2024 aangewys is:




Phia Howatt; Carli Swart; Stéhan Hugo; Simoné Clark; Emma Strydom; Almé Gous; Kian Jankowitz; Dominique du Plessis; Kailin Peyper; Michelle van der Westhuizen; Leah Gous; Nakshay Soopal; Mukona Nthulana; Gia Billau; Nika Wagner; Minentle Mjebeza; Christo van der Merwe; Ava Ferreira Teixeira Olivia da Silva en Payal Sukdeo





## GRAAD 8-INSKRYWINGS VIR 2025

Graad 8-inskrywings vir 2025 is tot 26 April 2024 oop. Indien u kind by *Midstream College* gaan inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen. Besoek asseblief die *Midstream College* webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn-toelatingsvorm. (https://www.midstreamcollege.co.za/af/toelatings/)

Vir enige toelatingsnavrae kontak me Carine Cronje. (carinec@midstreamcollege.co.za)

# RAKKER-HOKKIESTER

Baie geluk aan Zelande Ngesi wat vir die o.13B-*Northern Blues Primary Hockey* span gekies is. Zelande het die "capping" seremonie op Maandag 22 April bygewoon. Geluk Zelande, ons is super trots op jou!





CERTIFICATE OF PARTICIPATION

This certificate is presented to

Zelande Ngesi

for representing NBPH U/13 B Boys at the 2024 regional tournament.

MARLIE PRINGLE
NBPH PRESIDENT

MARSTÉ BESTER
NBPH VICE PRESIDENT






